**8 Maart**
**Skrifgedeelte: Rut 1:1-21 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Rut 1:16-17**

## Uitverkies om deel van God se volk te wees

Op die oog af beskryf die boek Rut net die geskiedenis van 'n gesin uit Israel wat 'n heenkome gaan soek het toe daar 'n hongersnood in Betlehem-Juda gekom het. Dit was ‘n standaardpraktyk in Ou Israel om elders 'n heenkome te vind as die omstandighede dit vereis. In ons land gebeur dit ook. Mense kom van die platteland na die stede om werk en 'n heenkome te soek. ‘n Toenemende aantal Suid-Afrikaners emigreer na die buiteland om daar ‘n nuwe tuiste te vind.
In die skynbaar alledaagse gebeure is God werksaam in die lewe van Rut, na wie die boek vernoem is. Elimeleg en sy twee seuns, Maglon en Giljon, sterf in die velde van Moab. Rut is die een wat bereid is om saam met haar skoonmoeder, Naomi, terug te keer na Betlehem. In Rut se lewe sien ons hoe God haar uitverkies het om deel te word van die volk van God. Inderdaad, wanneer ons as gelowiges die geslagsregister van Jesus in Matteus 1 lees, besef ons waarom hierdie skynbare alledaagse geskiedenis in die Skrif opgeneem is. Haar belydenis, "U volk is my volk, en U God is my God," is die gevolg daarvan dat God haar uitverkies het om ‘n besondere rol in sy raadsplan te speel. Uit Rut se nageslag is Jesus Christus gebore.
Wanneer ons die hand van God in Rut se lewe raaksien, weet ons God is besig, ook in óns alledaagse lewe, al lyk dit nie so nie. God het 'n doel met elkeen wat Hy uitverkies het, en Hy is by ons, waarheen ons pad ook al mag lei. Hou daaraan vas!
*Sing: Skrifberyming 33:1 Ds DF Coetzee (Virginia)*